



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer transaksionele teks (30)
AFDELING C: Kort transaksionele teks (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
AFDELING A: 80 minute
AFDELING B: 40 minute
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Ek werk aan 'n blink toekoms vir my. [50]
- 1.2 Sy/haar laaste woorde aan my sal ek nooit vergeet nie. [50]
- 1.3 Covid-19 het my die volgende laat beseef ... [50]
- 1.4 'n Dag in my ma/pa/ouma/oupa se skoene. [50]
- 1.5 Moet ons almal help om water te bespaar? [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: [www.google](http://www.google.com) images.com 2020]

[50]

1.6.2



[Bron: pinterest 2019] [50]

1.6.3



[Bron :Color by number 2020] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 BEDANKINGSBRIEF

Covid-19 het jou laat beseef hoe kort die lewe is en hoe vinnig dinge kan verander.

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF aan jou ouers/familielid wat 'n sleutelrol in jou lewe speel.

[30]**2.2 CV EN DEKBRIEF**

Jou naam is Ben Faltein en jy het die volgende advertensie in julle plaaslike koerant gesien. Gebruik die advertensie en CV hier onder om 'n DEKBRIEF te skryf waarin jy aansoek doen as assistent by die Eet Lekker bakkery. Jy rig die brief aan die bestuurder van die Eet Lekker bakkery.

POS BESKIKBAAR

Eet Lekker bakkery het 'n pos beskikbaar vir 'n assistent wat kan help met 'n verskeidenheid van take by die bakkery.

VEREISTES:

1. Goeie menseverhoudings
2. Jy moet van bak hou
3. Goeie spanwerk
4. Stiptelikheid

**Belangstellendes kan 'n dekbrieff aan die bestuurder van Eet Lekker bakkery rig, Retiefstraat 5, Port Elizabeth, 6001.
Aansoeke sluit om 12h00 op 28 September 2020.**

CURRICULUM VITAE VAN BEN FALTEIN

Volle naam en van: Ben Faltein
ID-nommer: 200325 0024 085
Kontaknommer: 071 563 4012
Belangstellings: Die natuur, musiek, draf, kos en bak
Hoogste graad geslaag: Graad 11
Vorige werkondervinding: Gewerk as kassiere by Spar.
Referent: Nellie Steyn (Selfoonnommer: 082 344 5621)

[30]**2.3 INFORMELE VERSLAG**

Die inperking het met 'n klomp reëls en regulasies gekom.

Skryf 'n informele verslag oor enige van die inperkingsreëls wat jy dink onregverdig was.

[30]**2.4 DIALOOG**

'n Seun/meisie van wie jy baie hou vra jou om sy/haar meisie/kêrel te wees. Skryf die gesprek tussen julle in dialoogvorm neer.

Skryf die DIALOOG neer.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

Jy wil graag jou ou rekenaar en selfoon verkoop.

Ontwerp 'n ADVERTENSIE om dit te adverteer.

[20]**3.2 DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het planne gehad om by jou beste vriend/vriendin vir die vakansie te gaan kuier. Die president kondig toe die inperking aan.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag toe die president die aankondiging maak. Sê hoe jy op daardie oomblik gevoel het.
- Dis nou ses maande later. Sê hoe jy nou voel.

[20]**3.3 WENKE**

Al jou vriende/inne wil 'n bietjie gewig verloor en gesonder wees vir die somervakansie.

Skryf AG (8) WENKE neer wat jy vir hulle sal gee om dit te bereik.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100